**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Aansoek Nr : 1628/2002

In die aansoek tussen:

**THE LAW SOCIETY OF THE FREE STATE** Applikant

en

**DEON VAN DEN BERG** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP et HATTINGH R

---

**VERHOOR OP:** 17 OKTOBER 2002

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE R

---

**GELEWER OP:** 14 NOVEMBER 2002

Respondent is ‘n toegelate prokureur van hierdie Hof. Applikant doen aansoek vir die skrapping van respondent se naam van die Rol van prokureurs, alternatiewelik vir sy skorsing uit die beroep, asook die gebruiklike verdere regshulp met betrekking tot die afhandeling van die werk op hande.

Ter aanvang kortliks die volgende: Die funderende eedsverklaring is afgelê deur Mnr Mthembu, die President van applikant. Dit is in Engels en beslaan 9 bladsye. Daarby is aanhangsels aangeheg wat altesaam 169 bladsye beslaan. Hierdie aanhangsels sluit in die oorkonde van die verrigtinge voor ‘n dissiplinêre komitee van applikant gedurende Augustus 2001. Dit is alles in Afrikaans. Respondent is Afrikaanssprekend en sy antwoordende eedsverklaring is ook in Afrikaans. Die repliserende verklaring van Mnr Mthembu is weereens in Engels en beslaan slegs 5 bladsye. Die stukke beloop ‘n totaal van 303 bladsye. Die advokate se betoogshoofde is in Afrikaans. Die verrigtinge voor ons was ook in Afrikaans. Ek vind dit gerieflik om hierdie uitspraak in Afrikaans te skryf.

Respondent is 32 jaar oud. Hy is getroud en is die vader van 2 kleuters. Hy was ‘n ingeskrewe klerk by ‘n prokureursfirma in Bloemfontein en is gedurende Februarie 1997 as prokureur toegelaat. Op 1 April 1997 open hy en ‘n vriend van hom, ene Herman Levin, hulle nuwe firma met die naam Van den Berg en Levin Prokureurs hier in Bloemfontein. Hulle het geen kliënte gehad nie en moes van die grond af begin om ‘n praktyk op te bou. Levin het die sogenaamde derdeparty werk gedoen. Aan die einde van Desember 1999 is die vennootskap ontbind en het hulle, onder andere, van Levin se derdeparty lêers onder hulle verdeel. Van hierdie lêers verteenwoordig kliënte wat deur ‘n instansie bekend as ISA gewerf is. ISA se hoofsakeplek is blykbaar in Kimberley en ene Johann Jacobs verduidelik ISA se *modus operandi* soos volg in ‘n brief gedateer 19 Januarie 1998 aan Mnre Van der Merwe & Sorour Prokureurs:

"**NUWE DERDEPARTY EISE**

Bogemelde het betrekking.

Ons bevestig dat ons die vermoë het om ongeveer 100 nuwe derdeparty eise per maand te produseer en te lewer onder sekere ooreengekome voorwaardes en teen ‘n ooreengekome fooi.

**<u>Prosedure:</u>**

1. ISA nader die eiser in die aangeleentheid en verduidelik aan die eiser die prosedure mbt die instel van ‘n derdeparty eis.

Die eiser verskaf aan ISA mandaat om ‘n prokureur aan te stel om ‘n derdeparty namens hom / haar in te stel.

Die eiser verskaf aan ISA die volgende standaard dokumentasie en inligting:

1. Getekende mandaat aan ISA;

2. Getekende Spesiale Volmag ten gunste van die prokureur;

3. 2 x Getekende Mediese Toestemmings;

4. Getekende SAPD Toestemming;

5. Getekende Toestemming om ambulansrekords te verkry;

6. Getekende Onderneming om Hospitaal rekeninge te betaal;

7. Getekende Terminasie van mandaat;

8. Die vorm Algemene Inligting word deur die konsultant voltooi en bevat die inligting wat benodig word vir die voltooiing van die MMF1 asook die inligting omtrent die botsing en die beserings van die eiser.

2. Die bostaande dokumentasie word aan die prokureur verskaf sowel as die skets van die ongeluk met die BR en MAS nommers asook ongeluksbeskrywing. Foto's van die ongelukstoneel asook sigbare beserings kan op versoek van die prokureur verskaf word teen addisionele koste.

3. Die prokureur vra self die statutêre dokumente soos die Mediese verslag en die botsingsverslag aan. In gevalle waar probleme ondervind word met verkryging van die gemelde verslae sal ons met graagte van hulp wees sonder enige addisionele koste.

4. Die beëdigde verklaring word opgestel, getik en tydens 'n opvolg besoek aan die eiser geteken en beëdig.

**<u>Fooie:</u>**

5. ISA kom met die eiser ooreen dat die gekose prokureur geen deposito sal vra nie en dat alle koste by afhandeling van die eis verhaal sal word. (Die meeste van die eisers het in elk geval nie die geld nie.)

6. Ons fooie word gebaseer op die kwantum van die eis en word hieronder uiteengesit.

7. Fooie word na lewering van die eis en konsultasie met die prokureur vasgestel en 'n rekeningstaat word gelewer. Fooie is betaalbaar teen 7 dae na lewering van staat.

L.W. Ons fooie is vir die ongeluksondersoek en dienste gelewer.

8. Indien 'n eis vir een of ander rede binne twee maande na lewering gestaak moet word weens nalatigheid of foutiewelike inligting aan die kant van ISA sal die eis kosteloos vervang word."

Hierdie brief is op ‘n Raadsvergadering van applikant oorweeg en op 23 Januarie 1998 besluit applikant

"dat die sluit van ‘n ooreenkoms soos uiteengesit in bogemelde bylae op onprofessionele gedrag sal neerkom aangesien dit strydig is met die bepalinge van Reël 17(30)(a) van die Reëls van die Orde."

Daar is verder besluit dat prokureurs in die Vrystaat by wyse van ‘n nuusbrief van hierdie besluit verwittig word en dat ISA ook verwittig word.

Respondent getuig soos volg voor die dissiplinêre komitee omtrent die periode rondom die beëindiging van sy vennootskap met Levin:

" Het u kennis gedra van hierdie besluite? – Nee. As ek kan byvoeg wat gebeur het, is gedurende Februarie 2000 of Januarie 2000, einde September / begin Januarie 2000 het Johan Jacobs wat op daardie stadium vir ISA gewerk het, en ook onder sy eie naam, JJ Consultants gewerk het, nie ver van myself af gebly nie. Hy het een dag verby my hek gery waar ek op die gras gestaan het en ek het hom genooi vir ‘n koeldrank. In die gesprek het hy my verduidelik dat, het ek vir hom gevra wat is die posisie as ons nou opbreek. Hy het vir my gesê hy lewer nie net eise aan Levin nie, hy het eise aan Van den Berg & Levin gelewer. Hy is nog steeds bereid om aan my en aan mnr Levin eise te lewer en dat hulle wettig is en dat hulle nou al met verskeie prokureurs, en ek wil myself kwalifiseer deur te sê dit is absoluut uit sy mond uit wat ek dit gehoor het, verskeie prokureurs, ek weet nie of dit die waarheid is nie, prokureurs soos JC Strauss van Besuizenhout, Kobus le Roux van Claude Reid, Hennie Stander, Craig Grant van Webbers, dit is die verskillende prokureurs. Daar is ‘n Jaap Venter in die Kaap, daar is ‘n Venter in Van Eeden in Kimberley, daar is ‘n Phillip Barnard in Pretoria en ‘n Tim du Toit in Pretoria, dat verskillende eise aan hierdie prokureursfirmas gelewer word en dat hulle heeltemal wettig is. Daar is geen kwessie daaroor dat hulle mag doen wat hulle doen nie. Hulle is assessors wat dan die publiek of die ou wat beseer is dan, help."

"VOORSITTER: Kan ek net hier onderbreek, ek is jammer, net vir die chronologie. Is die mededelings wat mnr Jacobs aan u gemaak het? – Mnr Jacobs en dan was ek in Februarie 2000 by mnr Steenkamp self en hy het presies vir my dieselfde gesê.

MNR DE WET: Mnr Steenkamp nou synde die mnr Stoney Steenkamp, lyk vir my in beheer van ISA in die Noord-Kaap, te Kimberley, né? – Dit is korrek. Gedurende Februarie 2000 het ek in my kar geklim en hom gaan sien saam met mnr Jacobs. Ek het in sy kantoor ingegaan en hom gaan spreek oor die spesifieke derdeparty-eise. Hy het my ook verwys na verskillende firmas waarmee hulle werk. Hy het my ook verwys dat hulle heel wettig is, hy het weer die storie gesê van dat hy wou vir, sy woorde aan my was hy wou vir Barry de Wet dagvaar vir R5 miljoen aangesien sy besigheid dan moet toemaak. Hulle het nie geld om van te lewe nie, maar dat Claude Reid en Webbers vir hom op daardie stadium gesê het dat hulle is nou weer heeltemal wettig en mag eise lewer. Ekskuus, 'n firma wat ek vergeet het is Schoeman, Kellerman & Kotze in Welkom."

" Nou ek wil net vir u vra, tydens hierdie gesprekke of kort na hierdie gesprekke met onder andere Stoney Steenkamp plaasgevind het, het hy vir u ook laat toekom die raadsbeslissing van die Wetsgenootskap van die Kaapse Goeie Hoop? – Dit is korrek.

Gepubliseer in die Kaapse Prokureur van Februarie 1997 met betrekking tot hierdie aangeleenthede, is dit so? – Wat gebeur het is, dat ek het vir Jaap Venter oor 'n geleentheid geskakel en vir hom gesê dat, dit was oor een of ander derdeparty-eis. Toe vra ek ook vir Jaap Venter hoe wettig is ISA. Op daardie stadium, mnr Jaap Venter was 'n direkteur of ek dink 'n direkteur of bestuurder by die Padongelukkefonds in Pretoria, toe het hy vir my gesê dit is heeltemal wettig. Die Kaapse Dissiplinêre Komitee het vier riglyne neergelê hoe 'n mens te werk gaan met die assessors. Hy het vir my die vier riglyne telefonies gegee en gesê as jy dit en dit en dit doen, soos hierdie afskrif van die bladsy, dan is die werk met die assessor honderd persent wettig."

Hierdie riglyne lui soos volg:

**"PROFESSIONELE SAKE: DIE RAADSBESLISSING IN VERBAND MET MVA KONSULTANTE**

By 'n onlangse vergadering het die Raad 'n vroeër aanbeveling van die Dissiplinêre Komitee hersien en soos volg besluit, waar -

1. 'n eiser vrylik kan besluit of hy die dienste van 'n besondere prokureur wil

gebruik of nie;

2. die prokureur behoorlike opdrag van ‘n klaer kan neem op so ‘n wyse dat die verhouding tussen prokureur en kliënt nie in enige opsig ondermyn word nie.

3. die prokureur geen gedeelte van sy/haar fooi aan ‘n konsultant betaal nie;

4. ‘n konsultant se fooi betaal is namens die eiser as ‘n uitgawe;

sal geen prokureur wat ‘n konsultant gebruik met die doel om getuienis in te win vir die suksesvolle voortsetting van ‘n MVA eis, skuldig wees aan professionele wangedrag nie, - met dien verstande egter dat alle vereistes deur die Dissiplinêre Komitee neergelê, nagekom word. Die Raad word in hierdie verband gelei deur die duidelike behoefte om eisers by te staan, in besonder eisers wat nie van die dienste beskikbaar aan hulle deur prokureurs sou weet nie, behalwe deur konsultante. Die Raad word ook gelei deur grondwetlike regte op regsverteenwoordiging en vrye ekonomiese aktiwiteit."

Later getuig respondent soos volg:

" ..... Nou mnr Van den Berg, dit is vir my duidelik uit wat u nou vir die Komitee gesê het dat hierdie ISA se werksaamhede vir u ‘n bietjie van ‘n probleem was. Dit lyk vir my u het deurgaans die suspisie gehad dat wat u besig is om te doen, is miskien nie heeltemal eties korrek nie. Is dit reg? – Dit is korrek.

Het u enige navrae, verdere navrae gedoen byvoorbeeld by die plaaslike Wetsgenootskap, mnr Barry de Wet, die sekretaris daarvan of van die plaaslike praktisyns of wat het u gemaak? – Ek moet erken, mnr die Voorsitter, ek het nie die Prokureursorde gebel nie, maar gedurende Junie 2000 het daar ‘n aangeleentheid gekom waar ek en mnr Stander, Hennie Stander, wat op sy eie praktiseer het onder Hennie Stander Prokureurs, ‘n verskil gehad het. Daar is verskeie skrywes gerig wat ek met spyt moet sê ek het dit nie gekry nie, dit is êrens in my kantoor. Na die skrywes gerig is, dit het gegaan oor ‘n pasiënt wat in die hospitaal gelê het en ‘n kaartjie van my gehad het. Mnr Hennie Stander se eerste brief aan my was dat hy my beskuldig dat ek in die hospitaal rondgeloop het en die kaartjies uitgedeel het. Ek het vir hom ‘n skrywe gerig en soos ek weer vir u sê, ek het my spyt dat dit nie vandag hier is nie, weens die feit dat ek dit nie

kon kry nie, ‘n skrywe gerig en vir hom gesê ek loop nie in hospitale rond nie. Ek ontken dit ten sterkste, maar toe kom ons agter dit is Johan Jacobs wat sonder my medewete ‘n visitekaartjie aan ‘n pasiënt in die hospitaal gegee het. Die kort en die lank daarvan is, met die skrywes is daar ooreengekom dat mnr Hennie Stander erken het dat hy met u sal besigheid gedoen het. Ek het ‘n skrywe aan hom deurgefaks wat hy aan ISA geskryf het oor, betrekking tot derdeparty-eise en op ‘n vraag hoe wettig is dit, het mnr Hennie Stander my verseker dat die Prokureursorde dit honderd persent wettig verklaar het en dat ISA honderd persent wettig is. Ek hoef geensins daaroor bekommerd te wees nie, dit is honderd persent wettig.

Mnr Stander is al ‘n senior praktisyn in hierdie afdeling, is dit so? – Dit is korrek.

Mnr Van den Berg, u het toe ‘n hele aantal opdragte van ISA ontvang, is dit reg? – Dit is korrek."

Benewens die eise wat ISA vir respondent gewerf het, het hy ook gebruik gemaak van ander persone en instansies om vir hom derdeparty eise te werf, selfs nadat Mnr Strating namens applikant hom op 19 Maart 2001 besoek het en uitdruklik meegedeel het dat sy werkswyse onbehoorlik is. Op hierdie wyse het respondent gedurende die periode Januarie 2000 tot Julie 2001, dws ongeveer 19 maande, altesaam 331 derdeparty eise "gekoop" teen ‘n bedrag van R234 698,85.

Nadat hy werk op bogenoemde wyse bekom het, het respondent namens die verskillende eisers (meeste waarvan hy nog nie eers ontmoet het nie!) lenings aangegaan by Wozani Investments teen 10% rente per maand om die eise te betaal, dws om die werwers te betaal en om die uitgawes te betaal met betrekking tot die verkryging van mediese verslae, polisieplanne, ens. Benewens die hoë rentekoers het Wozani Investments ook die volgende fooie op hulle lenings gehef:

Aansoekfooi : R125,00

Administrasiefooi : R125,40

Kontanthanteringsfooi : R 15,00

Lewensversekering : R 30,00 tot R350,00

Risiko versekering : R 10,00 tot R20,00

Al hierdie uitgawes, plus respondent se eie fooie, is afgetrek van die bedrag wat die Padongelukkefonds aan respondent uitbetaal het as skadevergoeding aan die betrokke eiser of eiseres. (Dit kom voor asof daar nooit litigasie was nie maar dat al die eise geskik is.) Dit het daartoe gelei dat eisers dikwels minder as die helfte van die bedrag ontvang het wat die Fonds uitbetaal het. Die volgende voorbeelde het in die getuienis voor die dissiplinêre komitee na vore gekom:

(i) Die Fonds betaal R13 675,00. Die kliënt kry R7 000,00.

(ii) Die Fonds betaal R44 704,42. Die kliënt kry R5 332,67

(iii) Die Fonds betaal R38 800,00. Die kliënt kry R18 873,30

Respondent het voor die genoemde dissiplinêre komitee verskyn op aanklagte wat soos volg in die klagstaat uiteengesit is:

"**DAT** hy onbehoorlik, alternatiewelik onbetaamlik, alternatiewelik oneerbaar, alternatiewelik onprofessioneel opgetree het in een of meer van die volgende opsigte:

1.1 DEURDAT hy derdeparty eise gewerf het;

1.2 DEURDAT hy persone aangestel het om derdeparty eise vir hom te werf teen vergoeding, alternatiewelik, persone aangestel het om derdeparty eise vir hom te werf, alternatiewelik, bewustelik toegelaat het dat persone vir hom derdeparty eise werf en niks daaromtrent gedoen het nie;

1.3 DEURDAT hy die bepalings van Reël 17(30) van die reëls oortree het deurdat hy opgetree het vir en/of meegewerk het met 'n persoon of organisasie wie se besigheid dit is om eise in te stel wat voortspruit uit die dood of besering

van ‘n persoon, alternatiewelik, deurdat hy opgetree het en/of meegewerk het met ‘n persoon of organisasie soos hierintevore uiteengesit terwyl hy behoort te geweet het dat die organisasie of persoon ‘n organisasie of persoon is soos hierintevore uiteengesit;

1.4 DEURDAT hy gebruik gemaak het van ‘n organisasie bekend as **WOZANI INVESTMENTS** om uitgawes vir kliënte te finansier teen ‘n rentekoers van 10% per maand sonder dat die volle aard en strekking van die finansiering aan kliënte verduidelik is."

By die aanvang van die verrigtinge is aanklag 1.1 laat vaar. Respondent het skuldig gepleit op aanklagte 1.2 en 1.3 en onskuldig op aanklag 1.4. Na aanhoor van die getuienis is hy skuldig bevind op aanklagte 1.2, 1.3 en 1.4 en het die dissiplinêre komitee aanbeveel dat die onderhawige aansoek geloods word.

Benewens die aanklagte van onprofessionele of onetiese gedrag waarop respondent voor die dissiplinêre komitee tereggestaan het, steun applikant in hierdie aansoek ook op respondent se optrede as trustee van ‘n sekere Vermaak trust. Dit blyk uit die stukke dat die trust gestig is met ‘n kontantbedrag van R200 000,00. Hierdie bedrag is by Sanlam belê en die trustbegunstigde (Vermaak) het R2 000,00 per maand rente ontvang. Teen Junie-Julie 1999 het die kapitale belegging in waarde verminder tot R132 901,58 as gevolg van verliese op die aandelebeurs. Respondent verduidelik wat daarna gebeur het soos volg:

"10.8 Ek het die aangeleentheid weer eens met mnr Vermaak volledig bespreek. Hy wou onder geen omstandighede hê dat ek die geld in ‘n bankrekening plaas nie. Hy kon eenvoudig nie sonder ‘n rente-opbrengs van minder as R2 000,00 per maand aan sy lewensbehoeftes voldoen nie. Ek mag as gevolg van die testamentêre bepalings nie die kapitale bedrag uitbetaal het nie. Ek heg ‘n afskrif van die testament hierby aan gemerk **AANHANGSEL `DB3'.**

10.9 My gewese vennoot, mnr Levin, het hierop voorgestel dat mnr Vermaak die kapitale bedrag van R132 901,58 aan die vennootskap Van den Berg & Levin leen. Mnr Levin het op hierdie stadium die vennootskap se derdeparty-praktyk uitsluitlik hanteer en het ek geen kennis daarvan gehad en oor hoe dit gefunksioneer het nie. Mnr Levin sou dan die kapitaal uitleen aan die verskillende kliënte teen ‘n voorgestelde rentekoers en sal dan toesien dat ‘n bedrag van R2 000,00 per maand aan mnr Vermaak betaal word.

10.11 Mnr Vermaak was hiermee hoogs tevrede en het in elk geval volle vertroue in sy voormelde familielid, mnr Levin gehad.

10.12 Op 31 Desember 1999 is die vennootskap Van den Berg & Levin ontbind. Levin het hierop volle verantwoordelikheid vir die lening aanvaar en op sy eie begin praktiseer as Levin Prokureurs.

**AD PARAGRAWE 5.8.6 EN 6.8.7 DAARVAN:**

11.1 ‘n Paar maande na die ontbinding van voormelde vennootskap het ‘n hewige rusie tussen my en voormelde Levin ontstaan oor die verdeling van die vennootskaps-bates. Ek was ‘n bedrag van R16 450,79 op hierdie stadium steeds aan Levin verskuldig en het ek geweier om hierdie bedrag aan hom oor te betaal alvorens ek nie tevrede was met die verdeling van die vennootskaps-bates nie.

11.2 Onmiddellik nadat ek geweier het om die voormelde bedrag aan Levin te betaal, het hy opgehou om Vermaak se maandelikse rentes te betaal en het hy Vermaak na die applikant gestuur om ‘n klagte aanhangig te maak.

12.

**AD PARAGRAAF 5.8 DAARVAN:**

12.1 Ek ontken ten sterkste dat ek enige van die trustgelde vir myself toegeëien het. Die hele aangeleentheid vloei voort uit die konflik tussen my en Levin voormeld. Ek is nooit van hierdie beweerde toe-eiening en/of wan aanwending van die trustgelde deur die applikant aangekla nie en het op geen stadium enige geleentheid gehad om voor die dissiplinêre komitee of die Raad my saak te stel nie. Vind hierby aangeheg ‘n verklaring gemaak deur Mnr Vermaak ter ondersteuning van bogemelde gemerk **AANHANGSEL `DB3A'."**

Uit respondent se eie relaas is dit na my mening duidelik dat hy sy pligte as trustee op ‘n hoogs onbevredigende wyse uitgevoer het. Hy moes noodwendig geweet het dat Levin se derdeparty kliënte byna uitsluitlik arm, ongekunstelde swart mense was. Om toe te laat dat die volle kapitale som tot Levin se

beskikking is om aan sulke kliënte uit te leen, was hoogs onverantwoordelik. Die R2 000,00 per maand rente wat Vermaak van Levin moes kry, beloop ongeveer 18% per jaar. Boonop is die lening in die firma se oortrokke besigheidsrekening inbetaal! Alhoewel daar nie bevind kan word dat respondent die kapitaal van die trust, of enige gedeelte daarvan, vir homself toegeëien het nie, is dit duidelik dat sy firma minstens tydelik by die lening gebaat het en dat hy onverantwoordelik en onprofessioneel opgetree het deur toe te laat dat die kapitaal so aangewend word.

Respondent se standpunt met betrekking tot hierdie aansoek word soos volg uiteengesit in sy antwoordende eedsverklaring:

"EK het deurgaans skuldig gepleit op die aanklagte voor die dissiplinêre komitee en ook voor die Raad van die applikant. Ek is nie van voorneme om hierdie aansoek op die meriete daarvan te bestry nie, maar voer respekvol aan dat:

4.1 Hoewel ek oneties opgetree het deur kliënte te werf, ek nie op enige stadium oneerlik was nie soos hieronder mee volledig gehandel.

4.2 Optrede waaraan ek my skuldig gemaak het goedgekeur is deur die Raad van die Wetsgenootskap van die Kaap die Goeie Hoop soos blyk uit "die Kaapse Prokureur", Februarie 1997, hierby aangeheg gemerk **AANHANGSEL `DB2'**.

Ek sal respekvol betoog dat die wangedrag waaraan ek skuldig bevind is nie van so ‘n aard en erns is dat dit my skrapping as prokureur van die Agbare Hof regverdig nie, maar dat die Agbare Hof my genadiglik ‘n ligter vonnis sal oplê, moontlik in ooreenstemming met die alternatiewe smeekbede in die paragraaf onder beantwoording."

Respondent se beroep op die beslissing van die Kaapse Prokureursorde (wat hierbo aangehaal is) is vir my maar bra wankelrig: Eerstens, praktiseer hy in die Vrystaat en doen hy nie eers die moeite om die telefoon op te tel en navraag te doen by sy eie Orde nie. Meer nog: Nadat hy uitdruklik deur ‘n senior prokureur namens applikant meegedeel is dat sy optrede verkeerd is, gaan hy nog lustig daarmee voort vir ongeveer 4 maande. Tweedens, blyk dit uit die getuienis dat die verskillende eisers of klaers wat vir respondent gewerf is **nie** vryelik kon besluit of hulle die dienste van ‘n besondere prokureur kon gebruik nie en ook of hulle behoorlike opdrag aan so ‘n prokureur kon gee nie. Derdens, is die "ander

vereistes" van die dissiplinêre komitee van die Kaapse Prokureursorde onbekend.

Die enigste vraag wat eintlik beantwoord moet word in hierdie aansoek, is wat 'n gepaste straf vir respondent is. Moet sy naam van die Rol geskrap word of moet hy slegs geskors word en, indien laasgenoemde, moet die skorsing nie moontlik opgeskort word nie?

Respondent se ernstigste oortredings is sy volgehoue onprofessionele optrede deur werk te werf, selfs nadat applikant hom by monde van mnr Strating vermaan het om dit te staak. In verband met werwing word die volgende gesê in **CIROTA AND ANOTHER v LAW SOCIETY, TRANSVAAL** 1979(1) SA 172 (A) op p 192A-D:

"The learned Judge referred to an unreported judgment of Cillié JP, concurred in by Marais J, in the Transvaal Provincial Division on 3 September 1975 in the matter of **INCORPORATED LAW SOCIETY OF THE TRANSVAAL v FRIEDLANDER AND HEYMAN** in which Cillié JP said:

`The Court was referred to certain cases in this country, and also one overseas, where statements have been made by Courts about the undesirable practice of having a tout or touts. This Court cannot look upon a transgression of this nature as being unimportant. It is a practice which should be eradicated. It is a practice which cannot be leniently dealt with by this Court'

**And FS Steyn J stated:**

`I hold that the practice of touting is the most disloyal and despicable conduct towards other members of the profession that can be conceived. The fact that the clients, who were introduced by touts, were fairly treated is a substantial factor in favour of respondents, but the unworthy and dishonourable conduct of procuring professional work through a tout is not diminished by the absence of the usually aggravating result that clients procured by touts are overcharged.'

A number of cases were cited to us by counsel for the Law Society in which our Courts have over a period of many years held that touting by legal practitioners is a serious contravention. I share that view and do not consider it necessary to

refer to the cases cited to us."

Ek stem met respek hiermee saam.

Namens respondent het Mnr van der Merwe (bygestaan deur Mnr de Wet) nie betoog dat hierdie skerp-bewoorde veroordeling van werwing nie op respondent van toepassing is nie, maar hy het aangevoer "dat tye verander het" sedert 1979 en het veral gesteun op die uitspraak in **LAW SOCIETY OF THE CAPE OF GOOD HOPE v KING** 1995(2) SA 887 (K) op pp 892G tot 893D waar die geleerde Regters die volgende sê:

" How an analysis of cases concerning `striking-off’ applications in recent years (and specifically those decided in the Cape Provincial Division) reveals a trend away from the adoption of a formalistic and conservative approach to applications by the Law Society seeking the removal of an attorney’s name from the roll where it had not, for what it considered good and sufficient reasons, dealt with the matter internally in accordance with its own disciplinary code towards the adoption of what may be referred to as a more enlightened approach. This trend has highlighted a marked distinction which has been, and is being, drawn between cases where the ultimate sanction of `striking-off’ should be imposed and those where errant attorneys are visited by less severe punishment. Broadly speaking, it would appear that `striking-off’ orders are reserved for cases where the attorney in question has, for his own personal use, intentionally and deliberately withdrawn moneys standing to the credit of a client in that attorney’s trust account (which is plainly and simply an instance of theft) or where such attorney has manifestly overreached his client (which is nothing but a species of fraud); less serious infractions, such as those resulting from negligence or mismanagement in the administration of his office, but not involving dishonesty on his part, should attract orders of suspension from practice for a specified period, or interdicts such as that ordered in the instant case, or directing that the attorney concerned practise under supervision, or orders or directions having similar but less Draconian effects. This acknowledgment of the aforementioned trend and the approval of it as indicated by the order issued in this case is not to be understood as laying down a procedure to be followed as if it were a law of the Medes and Persians; it is readily acknowledged that in cases involving theft or fraud or dishonesty in some other form a Court may well decide in the exercise of its discretion not to strike an attorney’s name off the roll and instead decide to impose a less severe punishment; similarly where infractions have taken place where dishonesty is not involved, it would still be open to a Court to impose the ultimate sanction of `striking-off’.

The existence of this trend is readily recognisable from an overview of recent decisions of this Division."

Mnr van der Merwe het beklemtoon dat respondent hom nie skuldig gemaak het aan oneerlikheid nie, dat hy skuldig gepleit het voor die dissiplinêre komitee en dat dit onwaarskynlik is dat hy sy verkeerde optrede sal herhaal. Hy het betoog dat skrapping onvanpas swaar sal wees en dat respondent hoogstens geskors moet word, maar dat die skorsing opgeskort moet word soos wat gelas is in die ongerapporteerde uitspraak in hierdie Afdeling in **DIE PROKUREURSORDE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT v SWART** (Aansoek Nr 868/2001 gedateer 18 Oktober 2001). Hierdie uitspraak beslaan slegs 27 reëls. Dit tabuleer 6 oortredings van die betrokke prokureur, waaronder bedrog en die oorverhaal van fooie. Daarna volg die bevel wat die prokureur skors vir ‘n periode van 5 jaar en word gelas dat die skorsing in geheel voorwaardelik opgeskort word. Mnr van der Merwe het ons meegedeel dat hy in daardie aansoek namens die Prokureursorde opgetree het en dat die partye in werklikheid op daardie straf "ooreengekom" het en die Hof "versoek het om dit op te lê". In die lig van Mnr van der Merwe se mededeling met betrekking tot die omstandighede waaronder die straf in die **SWART**-aansoek opgelê is, dra daardie aansoek, met eerbied, weinig gewig.

Wat betref die sogenaamde "new trend" waarna in die **KING**-uitspraak hierbo verwys word, is dit belangrik om te waarsku dat beginsels nie verwater behoort te word nie. Dit is waar dat tye verander het sedert die **CIROTA**-uitspraak. Baie dinge het verander, blykbaar ook morele waardes. Dit sal egter ‘n kwade dag wees as die Howe toelaat dat praktisyns ongestoord aanhou praktiseer as hulle hulle skuldig maak aan optrede wat die beroep oneer aandoen. Die regsberoep was tereg nog altyd beskou as ‘n eerbare beroep. Daar moet daarteen gewaak word om te toeskietlik te raak teenoor praktisyns wat hulle skuldig maak aan onprofessionele of oneerbare gedrag. In **CAPE LAW SOCIETY v PARKER** 2000(1) SA 582 (K) het die Kaapse Hooggeregshof ook ‘n baie toeskietlike houding ingeneem teenoor ‘n prokureur wat niks minder nie as diefstal van trustgelde gepleeg het. Tog word aanvaar

"that he had no intention of stealing (in the conventional sense) of trust money which he misappropriated"

en word as versagting aanvaar dat

"the unauthorised withdrawals from trust accounts were not utilised for the immediate personal benefit of the respondent but rather for the benefit of members of his family."

In ‘n ander passasie in die uitspraak word gesê

"it can be accepted that he did not harbour the intention of committing theft in its ordinary common law connotation."

Ek is nie seker wat die geleerde Regters in hierdie passasies probeer sê nie. Ek was nog altyd onder die indruk dat diefstal ‘n gemeenregtelike misdryf is en na my mening bly diefstal van trustgeld diefstal, ongeag of die dief die geld vir homself hou of vir sy familie leen!

Ek kan nie anders nie as om saam te stem met die kritiek wat teen die **PARKER**-uitspraak uitgespreek word in die ongerapporteerde uitspraak in **LAW SOCIETY OF THE CAPE OF GOOD HOPE v BUDRICKS** gedateer 24 Mei 2002 in die Hoogste Hof van Appèl, nl dat die Hof in die **PARKER**-saak

"was more concerned with the personal circumstances of the respondent than with the protection of the public and was at pains to let the offending attorney off lightly."

Na ernstige oorweging het ek tot die gevolgtrekking gekom dat respondent se volgehoue werwing van kliënte op ‘n byna daaglikse basis, en veral nadat Mnr Strating hom namens applikant vermaan het, so ernstig is dat hy in sy praktyk geskors behoort te word omdat hy nie ‘n geskikte en gepaste persoon is om voort te gaan om as prokureur te praktiseer nie.

Gevolglik word die volgende bevele verleen:

1. "Respondent word vir 3 jaar in sy praktyk as prokureur geskors. Agtien (18) maande daarvan word vir ‘n periode van 5 jaar opgeskort op voorwaarde dat hy hom nie gedurende die opskortingstermyn skuldig maak aan onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag nie soos bedoel in artikel 71 van die Wet op Prokureurs van 1979." (Die periode van 5 jaar begin loop 18 maande na die

datum van hierdie uitspraak.)

2. Smeekbedes 2 tot 13 word ook toegestaan.

**JP MALHERBE, RP**

**EK STEM SAAM:**

**GA HATTINGH, R**

Namens Applikant : Adv PCF van Rooyen Iov Symington & De Kok Bloemfontein

Namens Respondent : Adv CHG van der Merwe, SC, en Adv PJT de Wet Iov Van den Berg Ingelyf Bloemfontein